

HOOFSTUK 4

DIE HEDENDAAGSE KIND: DIE MAG EN DIE ONMAG VAN DIE MENS EN DIE INVLOED DAARVAN OP DIE KIND EN SY MILIEU

1. INLEIDEND

Die derde en ook die belangrikste faktor in die kommunikasiegebeure in Godsdiensoonderrig is die hedendaagse kind. Die doel van die kommunikasiepoging is om die kind te bereik en om met hom in kommunikasie te tree.

1.1 Kennis van sy milieu is noodsaaklik vir kommunikasie met die kind

Kommunikasie bestaan daarin dat persone mekaar se leefwêreld binnedring en mekaar wedersyds beïnvloed. Die een persoon tree die leefwêreld of horison van die ander binne en in die kommunikasie vind daar 'n ineenvloeiing plaas, sodat die horison van beide daarna meer gemeenskaplik vertoon.

Die kontak tussen opvoeder en opvoedeling in die opvoeding is in wese 'n situasie van ontmoeting wat in 'n bepaalde hoedanigheid en situasie plaasvind (Nel, 1961, p. 74). Om in kommunikasie met die kind te kan kom, moet hy geken en verstaan word. Die opvoeder moet sy milieu ken voordat hy dit kan binnedring. Die kind moet nie van buite óf van bo toegesprek word nie, maar van binne gestuur en gelei word in daardie rigting waarin geglo word dat hy gelei en gestuur moet word.

Die kind is nie 'n geïsoleerde wese wat deur oorerwing en omgewing bepaal word nie, maar 'n lewende wese wat dinge waarneem

(vanuit oorerwingsmoontlikhede en omgewingsinvloede), en betekenis daarin raaksien (Nel, 1961, p. 5). Hy bevind hom gedurig in 'n spesifieke situasie waarin sy hele persoonlike wêreld (verlede, hede en toekoms) betrek is en alle ervaring daarby ingesluit is (Nel, 1961, pp. 57-58). Die kind staan in die wêreld en eksploteer alles daarin terwyl die wêreld weer die kind aanspreek. So vind daar 'n wisselwerking tussen kind en wêreld plaas (Nel 1961, p. 67).

Die kind moet gesien word teen die agtergrond waaruit hy ontwikkel het of besig is om te ontwikkel. Die opvoeder moet die kind sien teen die agtergrond van die geskiedenis asook die huidige situasie in die wêreld om sy spesifieke reaksies te kan verstaan en om hom te kan help (Bavinck, 1967, p. 12).

1.2 Taakstelling

Hierdie gedeelte van die studie sal aan die ontleding van die milieu van die hedendaagse kind bestee word. Aandag sal veral aan daardie aspekte van sy leefwêreld wat vandag anders is as by die kind van vorige geslagte, gegee word.

Dit gaan hier nie om 'n empiriese of psigologiese analise van die kind nie. Ook nie om die fisiese, sosiale, emosionele, verstandelike of godsdienstige ontwikkeling van die kind nie. Dit gaan hier om 'n studie van die huidige situasie van die kind, veral in soverre dit vandag anders as voorheen is. Besondere klem sal gelê word op daardie veranderde en veranderende faktore wat hom anders laat reageer as sy voorganger, en hy dus in die opvoeding in die algemeen en in Godsdiensonderrig in besonder, anders benader moet word.

'n Gesaghebbende analise en diagnose van die aard en tendense in ons moderne samelewing kan moeilik deur slegs een vakwetenskap gemaak word en so 'n studie sal dan mank gaan aan diepte-analise en breedte-perspektief (Botha, 1972, p. 1). Dit is egter ook nie die bedoeling hier nie. By hierdie ontleding van die tyd=gees kan alle aspekte daarvan en alle probleme wat in verband daarmee staan, nie aandag geniet nie en daarom word 'n keuse gemaak volgens die doel van die studie.

1.3 Terreinverkenning

Die tyd waarin ons lewe het sy eie kenmerkende eienskappe. Die atoombom, ruimtevaart, hartoorplantings, televisie, supersoniese vliegtuie, kubisme in die kuns, ens., is alles eietydse verskynsels - verskynsels uit ons tyd en vir ons tyd bedoel. Vroeëre tye was klaarblyklik nie in staat om dit te lewer nie, en latere tye sal weer ander verskynsels hê (Heyns, 1969, p. 7). Die probleem is dan hoe hierdie verskynsels besien moet word.

Sommiges benader die verskynsels op 'n pessimistiese wyse. In talle publikasies word die kenmerke van vandag dramaties geskilder en word die vereensaamde, geestelik verarmde en bedreigde mens se verlore toestand in 'n vir hom totaal vreemde wêreld afskrikwekkend geskilder.

Ander benader die verskynsels met groot optimisme en sien reik=halzend uit na die utopie waarheen die wêreld op pad is.

Nog ander oorbeklemtoon die veranderinge. Volgens hulle verander alles en moet alles verander. Sommige voer die belangrikheid van veranderinge so ver dat hulle beweer dat indien die hedendaagse

kind verstaan wil word - en dit is in die opvoedingsituasie absoluut noodsaaklik - die opvoeders verplig is om 'n nuwe benaderingswyse uit te dink (Nel, 1961, p. 46). Die byna al=gehele verandering in die lewenspatroon van die mens, wat te=weegebring is deur die fenomenale ontwikkeling op natuurwetens=skaplike en tegnologiese gebied, het ook 'n verskuiwing van geestelike waardes teweeggebring. Soos in die natuurwetenskap van gebaande weë en die gedagtesisteme van die tradisionele opvattinge weggebreek is, so wil die mens ook op die geestelike gebied (Fourie, 1974, p. 130).

Tussen die twee uiterstes van geheel en al opgaan in die stroom van verandering aan die een kant, en die krampagtige vaskleef aan die "goeie ou tyd" met die afmaak van alles wat modern is as sleg aan die ander kant, moet die situasie van die heden=daagse kind beskou word. Sinlose veranderings en verandering slegs ter wille van verandering moet afgekeur word, maar nood=saaklike veranderinge mag nie agterweë gelaat word nie. Die probleem lê dan by die beantwoording van die vraag watter ver=anderinge in die opvoeding in die algemeen en in Godsdiensonderrig in besonder noodsaaklik is en watter sinloos is.

1.4 Die probleem van veralgemening

In 'n studie van hierdie aard, kom die onderzoeker voor die probleem van veralgemening te staan. Kinders verskil van nasie tot nasie, terwyl daar binne een nasie verskille tussen kinders uit die stad en platteland, kinders uit landbou-, mynbou- of industriële gebiede, asook kinders uit verskillende klimaatstreke, van verskillende sosiale status of van godsdienstige beskouinge is. Daar kan ook onderskei word tussen kind en adolessent, of

jeugdige en kleuter. Die vraag moet dan gestel word of daar werklik van 'n hedendaagse kind wat van die kind van die vorige geslag verskil, gepraat kan word (Bavinck, 1967, pp. 5 & 6).

Een van die kenmerke van die hedendaagse tydgees is die universaliteit daarvan. Volgens Bavinck (1967, p. 8) is dit duidelik dat die menslike geslag in 'n diepere sin 'n lewende eenheid is en dat selfs die kerk nie daarbuite staan nie. Daarom kan, volgens hom, met reg gepraat word van 'n hedendaagse kind en daarby gedink word aan alle kinders. Waar daar in hierdie studie dan van 'n kind gepraat word, word daarmee alle onvolwassenes bedoel wat aan opvoeders vir opvoeding toevertrou word.

1.5 Onderlinge samehang van kenmerke

Wanneer die kenmerke van die hedendaagse wêreld behandel word, moet altyd in gedagte gehou word dat ons hier nie met 'n aantal losstaande eienskappe te doen het nie, maar met kenmerke wat onderling saamhang (Van der Walt, 1972, p. 13). Wanneer gekyk word na die hedendaagse kind, moet hy dus gesien word as die resultaat van talryke faktore wat almal meegewerk het om hom te buig en gestalte te gee (Bavinck, 1967, p. 11).

Die kind moet gesien word in sy verhouding tot die omringende wêreld. Dit is nie konstante nie, maar 'n dinamiese verhouding wat voortdurend verander en ontwikkel. Een veranderde faktor het kenmerke tot gevolg wat tot nuwe benaderingswyses lei, wat weer verdere ontwikkeling bring met nuwe kenmerke en benaderingswyses. In hierdie veranderinge is die problematiek van die opvoeding geleë (Nel, 1961, p. 63).

Verder mag nie uit die oog verloor word nie dat die kind vandag opgevoed moet word volgens die huidige toestande en beskouings, maar opgevoed moet word om sy plek in 'n onbekende toekoms vol te staan. B.C. Schutte stel die probleem duidelik deur te sê dat die opvoeder (die mens van gister) moet opvoed (in die wêreld van vandag) vir die wêreld van môre (Schutte, 1969b, p. 2).

2. DIE TEMPO VAN VERANDERING

Veranderinge op alle terrein het nog altyd plaasgevind en is dus niks nuuts nie. Wat wel nuut is, is die tempo waarteen dit vandag plaasvind. Die tempo van verandering het sedert die Renaissance begin toeneem en het sedertdien aanhoudend versnel sodat dit vandag 'n ongelooflike en aan die mensdom 'n onbekende tempo bereik het. Vroeër was daar ook tydperke van relatief snelle ontwikkeling, maar in vergelyking met wat vandag plaasvind, was dit stadig (Van der Walt, 1972, p. 13).

Die mens weet vandag dat die wêreld gedurende die volgende tien tot twintig jaar meer dramatiese gaan verander as wat ooit in die wêreldgeskiedenis beleef is (De Villiers, 1973, p. 4). Met beklemde hart moet die mens toesien hoe sy wêreld fenomenaal verander. Hy word soos deur stormwinde van veranderinge voortgejaag (Schutte, 1969b, p. 5). Hy is koersloos in dulle vaart met die stroom mee, sonder om te weet presies waarheen. Die mens het in 'n vaartversnelling gekom waaruit hy hom nie kan bevry nie (Van der Walt, 1972, p. 13).

Die veranderinge op haas elke terrein lei tot nuwe probleme wat nuwe analise en sintese vra. Die nuwe neem daarby in sneller tempo ander vorme aan as wat verwag is. Dit lei tot verwarring

in die wyse en norme van handeling (Van Wyk, 1970, p. 4). Dit skyn asof daar niks is wat werklik vasstaan en niks is waarop vertrou en gebou kan word nie (Kuyt, 1972b, p. 5).

Die snelle tempo van veranderinge het ook 'n invloed op die kerk en die godsdiens. Eeue-oue konvensionele vorme van die Christendom het onhoudbaar en onbruikbaar geword (Van Wyk, 1970, p. 4).

Ook die kind spring die invloed nie vry nie. Dit is lig te verstaan dat die hedendaagse kind die wêreld anders ervaar en beoordeel as sy voorgangers, want die veranderende wêreld bring ander lewenservarings en ander benaderings mee (De Villiers, 1973, p. 4). Die bestaan het so gekompliseerd geraak en die kind word op so 'n jeugdige leeftyd met die verwarrende wêreld gekonfronteer dat hy die sin en betekenis van die lewe nie verstaan nie of dit bevraagteken (Griessel, 1975, p. 38).

Waar veranderinge op die fisiese terrein vandag algemeen voorkom, wil die mens dit ook op die geestelike terrein belewe. In sekere opsigte is hernuwing noodsaaklik, maar die eis van sinvolheid moet altyd geld. Waar fisiese veranderinge gemik is op die verbetering van die milieu van die mens, moet 'n soortgelyke eis ook op die geestelike terrein gestel word. Verandering mag nie maar net ter wille van verandering plaasvind nie, maar moet met 'n bepaalde doel geskied. Waar die wêreld tans teen 'n dolle vaart verander, is die mens geneig om alle veranderinge onvoorwaardelik te aanvaar. Teen hierdie tendens moet in die onderwys in die algemeen, en in Godsdiensonderrig in die besonder, gewaak word.

Die veranderinge en die tempo van verandering het 'n positiewe sowel as 'n negatiewe kant. Enersyds maak dit die lewe oneindig ryker, en moontlikhede word geopen waarvan die voorgeslag nooit gedroom het nie (Van der Walt, 1972, p. 13). Andersyds verwar dit die mens en maak van hom 'n ankerlose, beangste wese. Enersyds gee dit aan die mens ongekende mag; andersyds beklemtoon dit sy onmag. Dit is dan nodig om aandag te gee aan die mag en onmag van die huidige mens.

3. DIE MAG VAN DIE MENS

3.1 Die skeppingsopdrag en die huidige magsbelewing

Met die skepping gee God aan die mens 'n bepaalde opdrag en taak, nl.: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip." (Gen. 1:28). Die opdrag behels twee aspekte, nl. om die aarde te vul en om oor die natuur te heers. God gee ook aan die mens die vermoë om die taak te kan uitvoer. Hy gee aan die mens die fisiese vermoë (veral die verstand) en die wil of begeerte om die taak te onderneem ('n strewe na kennis, 'n weetgierigheid of nuuskierigheid).

Aanvanklik was die vordering van die mens in die uitvoering van hierdie take baie stadig, maar vandag is hy besig om sy taak op skouspelagtige wyse te volvoer. Die hele aarde is be-woon. Die mens was vrugbaar en het in so 'n mate vermeerder dat die wêreld vandag met 'n probleem van oorbevolking te doen het.

Deur die gebruik van sy rede en deur sy weetgierigheid het die mens vandag deur middel van veral wetenskap, tegniek en organisasie 'n toestand bereik waar hy wel grootliks die aarde onderwerp het en daaroor heers. Die mens verkeer vandag in 'n magsposisie en ervaar saam daarmee 'n magsbeleding. Volgens Heyns is die magsbeleding van die mens dan ook die belangrikste en kenmerkendste eienskap van die hedendaagse lewensgevoel (Heyns, 1969, p. 11).

Waar die mens mag op 'n bepaalde terrein besit, is hy geneig om dit ook op ander terreine, wat hy moontlik nie beheers nie, vir homself toe te eien. Daarom voel hy vandag asof hy in 'n algehele magsposisie is. Die mens kry egter die opdrag om oor die natuur te heers, maar om aan God onderdanig te wees. Hierin lê die probleem van die huidige lewensgevoel: die magtige mens wil nie onderdaan wees nie.

Die gevoel van mag bly nie beperk tot slegs daardie persone wat werklik in 'n magsposisie is nie, maar kom algemeen voor, ook by die kind. Die kind van vandag ken, volgens Schutte (1969b, p. 7), nie meer die afgebakende, klein en eiesoortige wêreld van vroeër nie. Die kind dink nie meer klein nie. Hy lewe in 'n nuwe wêreld met nuwe gedagtes, ervarings en verwagtinge, met nuwe take en aspirasies. Daarby aanvaar hy nuwe dinge en ontwikkelinge byna emosieloos en asof dit alledaags is (Schutte, 1969b, p. 8). Nog nooit het volwassene en kind die besef van mag soos tans beleef nie.

In hierdie werkstuk val die klem nie soseer op die werklike mag van die mens nie, maar meer op die magsgevoel, magsbesef en magsbeleding. Hoewel die magsgevoel die hele terrein van die

menslike lewe oorspan, kan hier slegs enkele aspekte daarvan nader beskou word.

3.2 Die mag van die wetenskap

Onder wetenskap verstaan ons die geheel van die menslike kennis - kennis van feite, verskynsels en wette, verkry en bewys deur waarneming, eksperimentering en logiese redenering (Schoonees, 1965, p. 1053).

Die doel van wetenskap was vroeër hoofsaaklik ter wille van kennis en om as hulp in die beskawingsontwikkeling en vooruitgang van die mens te dien (Malraux, 1975, p. 52), maar vandag word wetenskap ook ter wille van militêre, politieke en ekonomiese mag beoefen.

Wetenskaplike kennis neem teen 'n geweldige tempo toe. Vanaf 1960 tot 1970 het die menslike kennis verdubbel (Armstrong, 1975, p. 6), en volgens berekening lewe nege uit elke tien wetenskaplikes wat ooit geleef het, vandag (De Villiers, 1973, p. 5). Kennis en feite word vandag so vinnig beskikbaar dat dit onmoontlik is om daarmee tred te hou, terwyl kennis wat vandag modern is, oor twintig jaar verouderd sal wees (De Villiers, 1973, p.5).

Lank gelede het die mens die onbekende magte in die natuur nie verstaan nie. Uit vrees daarvoor het hy goddelike magte daaraan toegeken en het die natuur oor die mens geheers. Met die Renaissance begin die mens dit eers werklik wetenskaplik ondersoek en vandag kan die mens daarop aanspraak maak dat hy die wêreld onderwerp het. Nou heers die natuur nie meer oor die mens nie, maar heers die mens oor die natuur (Van der Walt, 1972,

p. 13). Die mens voel dat hy sy skeppingsopdrag op hierdie terrein suksesvol afgehandel het, en voel homself selfstandig en mondig.

Die enorme opbloei van die wetenskap bring vandag 'n duidelike omwenteling in die milieu van die mens (Botha, 1972, p. 2). Die dinamiese verandering in die mens se kennis van, mag oor en beheersing van die natuur vereis 'n snelle aanpasbaarheid en oordeelsvermoë (Stone, 1972, p. 2). Die mens, en ook die opvoeder moet tred hou en aanpassings maak, maar nie oorweldig word deur die nuwe nie.

Die mag van die wetenskap beïnvloed nie net die lewenswyse nie, maar ook die gesindheid. Die gesindheid bepaal weer die lewenswyse. So beïnvloed die wetenskap die leefwyse nie net op direkte wyse nie, maar ook op indirekte wyse.

Saam met die gevoel van mag, gaan ook die gevoel van vryheid. Die mens voel hom op alle gebiede vry. So het Sjestof by geleentheid gesê dat dit nie geduld kan word dat $2 \times 2 = 4$ nie, want so word die mens verplig om voor 'n bestaande orde te buig (Potgieter, 1973, p. 15).

Die gevoel van vryheid wat deur die wetenskap meegebring is, versterk die mens se reaksie teen gesag. Die wese van sonde is opstand teen God, en sedert Adam en Eva wil die mens self besluit wat goed en kwaad is en kom hy in opstand teen die gesag van God (Heyns, 1969, p. 162). Vandag meen die mens dat hy self die mas kan opkom en dat God nie meer nodig is nie (Van Wyk, 1973b, p.13). Hy kan ontslae raak van bygeloof en godsdiens en op die nuwe messias, die wetenskap, staatmaak (Armstrong, 1975,

p. 6). Soos C.F. van Weizsacher dit stel: "Faith in science plays the role of the dominant religion of our time." (Heyns, 1969, p. 76). Raoul Stephan beweer dat wetenskap die godsdiens van die volk en die kategismus van die laerskool geword het (Heyns, 1969, p. 76).

Die mens meen dat hy deur sy wetenskap die stryd om volkome vryheid van God gewen het. God en sy gebod is, volgens die mens, nie meer relevant nie en kan met vrymoedigheid vergeet word. Daarom vra die mens nie meer eers na wat hy mag doen nie, want net dit wat hy kan doen, is ter sake. By dinge soos parasigologie, kunsmatige inseminasie, proefbuisbabas en orgaan-oorplantings word nie gevra na die beginselstandpunt daaragter nie, maar is die mens geneig om alles te doen waartoe hy in staat gestel word (De Klerk, 1973, pp. 245-246).

Vroeër is wetenskap ook beoefen, maar nooit so indringend en op elke terrein soos vandag nie. Die nuwe in die wetenskap van vandag lê dan veral in die omvattendheid daarvan en die invloed daarvan op die gees van die mens. Wetenskap beïnvloed en verander dus beide die fisiese en die geestelike milieu van die kind.

3.3 Die mag van die tegniek

Waar wetenskap te doen het met die versameling van kennis, is die terrein van die tegniek die praktiese toepassing van die kennis. Vroeër was die wetenskap die tegniek ver voor, maar vandag word die wetenskaplike kennis onmiddellik tegniese toegepas, terwyl tegniese vaardighede die uitbreidingsmoontlikhede van die wetenskaplike kennis ontsaglik vergroot.

Die doel van tegniek is vandag hoofsaaklik ekonomiese, militêre en politieke mag. Die utiliteitsdoel is die kriterium van die tegniese denke. Volgens O. Pederson is mislukte resultate die grootste sonde van vandag (Heyns, 1969, p. 80).

Die mens is vandag besig om uit die natuurlike wêreld sy eie tegniese wêreld volgens sy eie doel en behoeftes te skep. Die skeppingsverhaal van Genesis word vandag oorgeskryf, met die verskil dat die sprekende God deur die handelende mens vervang is. Die mens doen al meer dit wat vroeër aan bo-natuurlike magte toegeskryf is, en kom skynbaar in besit van Goddelike eienskappe, nl. almag deur masjiene, alomteenwoordigheid deur kommunikasiemedie, alwysheid deur kompers, albeskikking deur ingryping by voortplanting, ens. (Heyns, 1969, pp. 77-78). Die hoogste doel van die mens, nl. uit God, deur God en tot God, word vervang deur 'n menslike doel. So vervang die mens God nie alleen by die skepping nie, maar ook by die doel (Heyns, 1969, p. 80).

Die mens leef al meer in 'n mensgemaakte wêreld, en tegniek, meer as enige iets anders, het die mens in 'n magsoorsig geplaas. Deur tegniek is die mens in staat om die voorkoms van die aarde te verander. Magtige betonstede verrys. Reuse oppervlakte word deur masjienerie omgedolwe, en deur chemiese bemesting, chemiese onkruid- en insektedoders en tegniese waterbewaring en -verspreiding word die grond gedwing om die maksimum opbrengs van dit wat die mens wil, te lewer. Berge word met atoomkrag verskuif en riviere word daarmee verlê om te vloei waarlangs die mens dit wil. Damme wat die aarde se kors laat buig, word gebou en minerale word myle diep in die aardkors ontgin.

Met die elektronmikroskoop word die geheime van die kleinste strukture ontleed, terwyl reuse teleskope, radioteleskope en X-straal teleskope die onsienlike ruimte verken. Die hoogste berge is bestyg en die diepste see hou min geheime in. Die ruimte en die maan is betree, terwyl planne vir besoeke aan ander planete reeds beraam is.

Vir haas elke siekte is medikamente beskikbaar en die werking en funksie van elke liggaamsdeel en orgaan is haarfyn ontleed. Organe wat probleme gee, word vervang en die funksie van die hart, longe en niere kan deur masjiene oorgeneem word, terwyl chemiese middels dit voorsien wat swakwerkende kliere nie meer kan nie.

Die tegniek van die sg. tegnotroniese eeu het voorwaar van die mens 'n magtige wese gemaak, en die invloed daarvan kan duidelik op alle lewensterreine gesien word. Daar was nooit in die geskiedenis 'n tyd toe die mens so totaal selfversorgend, onafhanklik (Schutte, 1969b, p. 5) en selfgenoegsaam was nie (Van der Walt, 1972, p. 14). Die mens bid nie meer vir 'n goeie oes nie, maar gebruik kunsmis en dit help beter (Heyns, 1969, p. 80). Biddae om reën word sonder gevolge gehou, maar bombardering van die wolke bring ruim reën (Van Wyk, 1970, p. 13). Vroeër kon die kind makliker die mag van gebed geleer word, want die mens was magteloos. Vandag kan die dokter alles vir die kind doen (Schutte, 1969b, p. 6), en nood leer bid, verstom na nood leer werk (Van Wyk, 1970, p. 13).

Die hedendaagse kind leef dus vandag in 'n milieu wat deur die wetenskap en tegniek geskep is en wat in baie opsigte veel anders is as dit wat sy voorganger ervaar het. Dit moet noodwendig sy uitkyk op die lewe verander en verbreed.

3.4 Die mag van meganisasie en organisasie

Tegniek stel die mens in staat om te meganiseer, terwyl meganisasie, tesame met die noodsaaklike organisasie, massaproduksie op velerlei terreine moontlik maak. Dit vergroot die mens se fisiese vermoë en stel die potensiaal van die natuur tot die mens se beskikking.

Massaproduksie in die landbou stel die wêreld in staat om 'n veel groter bevolking te kan voed en maak nie alleen die bevolkingsontploffing moontlik nie, maar help dit ook aan. Oorproduksie aan voedsel lewer geen probleem nie omdat dit maklik meganies op groot skaal van een gebied na 'n ander vervoer kan word. Dit stel die mens in staat om op enige plek op aarde te gaan woon.

Ook op die gebied van die mynbou lei meganisasie en organisasie tot massaproduksie. Verskeie grondstowwe kan nou op groot skaal in hoeveelhede ontgin word wat meer as genoeg vir eie gebruik is, sodat 'n voorraad beskikbaar is vir waarvoor die produsent dit ookal wil gebruik. Mynbou voorsien vandag bestaansmoontlikhede vir miljoene mense.

Industrialisasie lewer 'n massa noodsaaklike, maar ook meer luukse artikels. Omdat die afsetgebied belangrik is, vind nywerheidsontwikkeling in bepaalde groot sentrums plaas. Hieruit ontwikkel die stad met sy eie kenmerke. Die moderne stad sou sonder die huidige tegniese kennis nie moontlik gewees het nie, en word daarom vandag ook 'n tegnopolis genoem (De Villiers, 1973, p. 5).

Die stad bring weer 'n nuwe lewenspatroon en milieu vir volwassene en kind. Die meeste jong mense groei vandag in die stad op. In Suid-Afrika woon byna 80 persent van die Afrikaanssprekendes in stede en stedelike komplekse (De Villiers, 1973, p. 5). Die invloed van die stad met sy uitdagings en gevare bly egter nie tot die stad beperk nie. Veral deur kommunikasiemedie kom die stad se lewenspatroon alle huise binne (De Villiers, 1973, p. 5).

Die invloed van meganisasie en organisasie op die lewe en uitkyk van die mens van vandag is ingrypend van aard. Soos nog nooit tevore nie, verskaf dit groter rykdom, meer luukshede en nuwe uitdagings. Dit veroorsaak dat fisies uitputtende werk veel minder as voorheen nodig is. Dit gee aan die mens meer vrye tyd om aan ontspanning, sport, kuns, of waarvoor hy dit ookal wil gebruik, te bestee. Meganisasie en organisasie, gebou op wetenskap en tegniek, stel die mens nie alleen in staat om te heers oor die skepping nie, maar stel hom ook in staat om dit te geniet.

Dit alles bly nie tot die volwassene beperk nie, maar het 'n groter invloed op die kind as op die volwassene. Meganisasie en organisasie is nie nuut nie. Wat wel nuut is, is die skaal waarop dit plaasvind en die gevolglike verhoogde invloed daarvan.

3.5 Die mag van kommunikasiemedie

Die invloed van kommunikasiemedie kan nouliks oorskat word. Dit bind die wêreld in 'n eenheid saam en bring die mens in kontak met baie waarvan hy andersinds nooit bewus sou gewees het nie.

Die invloed van enkele van die belangrikste media word vervolgens kortliks bespreek.

Op grond van hul interpreterende funksie, is koerante en tydskrifte meningvormend en dus sterk rigtinggewend. Die positiewe invloed daarvan sal niemand ontken nie, maar daar heers tereg kommer oor die negatiewe invloed (Van der Westhuizen, 1975, p.16). Koerante en tydskrifte bied die kind die geleentheid om oor gebeurtenisse dwarsoor die wêreld baie beter ingelig te wees. Dit dra veel tot die uitbreiding van sy algemene kennis by. Dit stel wreedhede, moorde, seksuele aanrandings, politieke bedreigings, ens. vrylik tot sy beskikking, en dit moet noodwendig 'n invloed, positief of negatief op sy geestesvorming hê. Uit koerante veral kry hy verskillende opinies oor dieselfde saak, en dit dwing hom tot selfstandiger denke en 'n meer kritiese benadering.

Tallose boeke wat elke denkbare onderwerp behandel, is vrylik tot die kind se beskikking. Dit dra by tot sy kennisuitbreiding en stel hom in staat om enige onderwerp waarin hy waarlik belangstel, in diepte te bestudeer. Die sogenaamde gees van realisme in die letterkunde het egter meegebring dat niks weggesteek mag word nie. Alles moet in naakte werklikheid uitgebeeld word (Fourie, 1974, p. 135). Daardeur het die letterkunde 'n vernietigingsmag geword van alles wat edel en heilig is, en al wat oorgebly het, is seksbelustheid, die sedebederwende en die Gods=lasterlike (Fourie, 1974, p. 136). Die vieslike taal, seksuele beklemtoning, die gure, die onbetaamlike en die verset teen die sedelike, sosiale, staatkundige en Godsdienstige opvattinge in Suid-Afrika, soos dit tot uiting kom in die werke van moderne skrywers en digters soos Brink en Breytenbach, het reeds ons skole ingedring (Fourie, 1974, p. 137). Hierin is beslis iets

nuuts wat die kind van die vorige geslag nie ervaar het nie en waarvan die invloed moeilik bepaal kan word.

Die letterkunde is ook 'n spieëlbeeld van die huidige tydgees. Volgens Van Duinen toon dit aan ons die nou in onverbloemde vorm (Heyns, 1969, p. 88). Hoe onsinniger en afstootliker, hoe duideliker beeld dit die hedendaagse lewe uit. By die moderne skrywers vind ons 'n sinlose wêreld waaraan die mens tog vaskleef. Die lewe word aanvaar sonder sin, sonder God en sonder opdrag. Daar is wel 'n medemenslikheid, maar dit is eerder 'n solidariteit in die belewing van die absurde (Heyns, 1969, p. 89).

Die rolprent het volgens Fourie, saam met die teater, 'n sentrale rol in die vorming van 'n nuwe mentaliteit gespeel en is een van die belangrikste media om die nuwe denke mee te versprei (Fourie, 1974, p. 136). Die invloed van hierdie medium op die kind is nie maklik bepaalbaar nie.

Die radio, veral in Suid-Afrika, speel 'n baie positiewe rol. Dit dra grootliks tot die uitbreiding van die kind se algemene kennis by, en laat hom kennis maak met 'n groot verskeidenheid onderwerpe en soorte musiek wat vroeër nie moontlik was nie.

Televisie kan 'n positiewe sowel as 'n negatiewe invloed op die kind hê. Dit is enersyds horisonverruimend, wek nuwe belangstellings en brei die woordeskat uit (Jordaan, 1974, p. 37). Andersyds kan dit belemmerend op die huiswerk inwerk, die kind weerhou van lees, en aanleiding gee tot minder slaap (Jordaan, 1974, p. 37).

3.6 Die mag van welvaart

Welvaart self is nie goed of sleg nie. Dit hang af wat die mens daarvan maak. Die vraag is of die welvaart heers oor die mens en of die mens oor die welvaart heers (Van der Walt, 1972, p. 12).

Welvaart hou baie seëninge in. Behuisingsprobleme is grootliks opgelos, die algemene gesondheid van die mens het verbeter, die ellende van armoede word uitgeskakel en onderwys-, werks- en ontspanningsfasiliteite verbeter. In die algemeen het die mens vir homself 'n gemakliker en geriefliker wêreld geskep (Fourie, 1974, p. 133). Welvaart onthef die jeug van baie sorg van vorige geslagte, terwyl daar genoeg werk, beurse, lenings en opleidingsfasiliteite beskikbaar is (Van der Walt, 1972, p. 12).

Welvaart het egter ook talle nadele. Die mens word verblind deur die materiële sy van die lewe en alles word daarvolgens beoordeel. Die verlede en die toekoms verdwyn uit die blikveld en net die hede bly oor. Die mens gee homself aan die genot van die oomblik oor (Van Wyk, 1973b, p. 13). Genot word as die hoogste saligheid beskou en die mens, op jag na weelde en statussimbole, vergeet dat hy nie gemeet word aan wat hy het nie, maar aan wat hy is (Van der Walt, 1972, p. 12). Die sintuiglike, die liggaamlike en die seksuele word verabsoluteer en verafgod terwyl die sogenaamde permissiewe gemeenskap dit verder in die hand werk (Van der Walt, 1972, p. 13).

Die voorspoed van die afgelope jare het, volgens De Villiers (1973, p. 7) daartoe gelei dat groot getalle jong mense vandag nie 'n begrip van harde, toegewyde en lojale werk het nie. Die mens fladder van een werk na 'n ander, op soek na die grootste

finansiële voordeel terwyl gehalte en kwaliteit van werk nie ter sake is nie.

Deur welvaart het die mens in 'n groot mate die mag verkry om sekere dinge te doen of te laat. Baie dinge wat hy vroeër moes laat, omdat hy nie die middele daartoe gehad het nie, kan hy vandag doen. So word die kind aan euwels soos rook, drank en verdowingsmiddels blootgestel, omdat hy dit kan bekostig. Daarby word die mens deur fyn beplande sette, reklame en propaganda, deur kondisionering en suggestie gedwing en oorreed om sekere dinge te doen en artikels te koop wat hy andersinds nie sou nie. Talle jeugprobleme is dan ook meer gekommersialiseer as spontaan (Botha, 1972, p. 12). Dit is byvoorbeeld 'n bekende praktyk by sekere kafee's om kougom of koeldrank met 'n verdowingsmiddel te behandel om daardeur kinders te verslaaf sonder dat hulle daarvan bewus is.

Welvaart is, volgens Van der Walt (1972, p. 12) besig om 'n bepaalde menstipe te skep. Die mooi begrip van "gee", word verwag deur 'n gees van "ontvang" en 'n byna gulsige hebsug ontstaan, waar elkeen op elke terrein kyk hoeveel hy uit ander kan kry.

Welvaart het 'n gees van selfgenoegsaamheid geskep waar die mens glo dat hy tot enigiets in staat is, en vir homself kan sorg.

Die hedendaagse welvaart het 'n sterk invloed op die milieu van die kind. Daarom moet hy geleer word dat welvaart 'n genadegawe van God is. Hy moet tot die besef gebring word dat al hierdie dinge nie moontlik sou gewees het as die die wette van God nie so volkome was nie (Fourie, 1974, p. 134). Hy moet besef dat,

waar die mens vandag dinge kan besit wat hy vroeër moes laat om= dat hy eenvoudig nie die middele daartoe gehad het nie, hy hierdie dinge nie as afgod moet dien nie, maar dit in diens van die enige ware God moet stel. Die kind moet besef dat die mens God nie net met die geestelike dinge dien nie, maar in alles: "Of jy dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God." (I Kor. 10:31).

3.7 Vryheid en gesag

In die hedendaagse wêreld het die begrip "vryheid" uiters belangrik geword. Dit is egter een van die begrippe wat die meeste verkeerd verstaan en wangebruik word.

Sedert die dae van die gelykheidskreet van die Franse Rewolusie het die gelykstawing in momentum toegeneem en vandag word die gedagte dat alles en almal gelyk en selfs eenders is, vroeg en laat verkondig en aanvaar (Potgieter, 1973, p. 17). Na eeue van oorheersing, beteken vryheid vir baie volke vry wees van die gesag van ander volke. Vryheid skyn dan eksterne gesag uit te sluit en word dikwels met bandeloosheid verwar.

Die probleem vandag is dat vryheid en gelykheid aan mekaar gekoppel word, met die implikasie dat vryheid gelykheid veronderstel en dus gesag uitsluit, want waar daar gesag is, is daar gesagvoerders en dus ongelykheid. Dit skyn dan of vryheid en gesag teenoorgestelde begrippe is.

Die grond van alle gesag word in die Bybel gevind. God, die Skepper van hemel en aarde, beskik oor die hoogste gesag. Alle menslike gesag is slegs verleende gesag onder die wil van God en is dus tydelik en relatief. Elke gesagsbekleër is dus in die eerste instansie teenoor God verantwoordelik vir die wyse waarop hy sy gesag beoefen.

Bavinck wys daarop dat gesag die basis van die hele menslike samelewing is en dat diegene wat dit ondermyn aan die verwoesting van die maatskappy meewerk (Potgieter, 1973, p. 17). Gesag druk die verhouding tussen meerders en minderes uit, en dit is dus duidelik dat daar alleen sprake van gesag kan wees waar daar ongelykes is (Potgieter, 1973, p. 10).

Die hedendaagse mens wil egter oor alles en almal heers en wil vry van alle gesag wees.

Die vryheid van die opkomende volke, die emansipasie van die vrou, die verset van die jeug (Botha, 1972, p. 3) en die wegbreek van sedelike, etiese, estetiese en godsdienstige norme, is kenmerkend van die gees. Die mens weier om hom klakkeloos aan watter gesag ookal te onderwerp.

In die omwenteling van vandag staan die vryheidsidee sentraal (Botha, 1972, p. 3). Die mens glo en aanvaar dinge nie sonder om eers daaroor te dink nie (Van Wyk, 1970, p. 16). Ou keuses en norme verloor hul vanselfsprekendheid (Van Wyk, 1973b, p. 13). Omdat konvensionaliteit in botsing met die mondigheid van die mens skyn te wees, heers 'n gees van anti-konvensionaliteit (Van Wyk, 1973b, p. 12). Die mens is minder gebonde aan tradisie en fatsoenlikheidsreëls en is minder vatbaar vir "wat die mense sal sê." (Bavinck, 1967, p. 58).

Sedert Freud vroeg in hierdie eeu seks as die sogenaamde oorsaak van neurose en spanning uitgewys het, het daar in 'n toenemende mate 'n geroep opgegaan om die mens uit sy morele gevangenis te bevry. Oor alles moet vrylik gepraat en geskryf word en die jeug moet daarin onderrig word. So is skaamte,

terughoudendheid en kuisheid na die teenoorgestelde liberale uiterste omgeswaai. Artikels en verhale, deurspek met seks en die immorele, kom gedurig deur koerante en tydskrifte na die kind en het reeds sy uitkyk drasties verander.

Niks ontsnap die aanslag nie. Ook nie die godsdiens nie (Knobel, 1974, p. 6). Die mens wil hom ook van die buitemenslike bevry (Van Wyk, 1970, p. 29). Hy wil self besluit wat reg en verkeerd, goed en sleg of wenslik en nie-wenslik is. Die mens meen dat hy self die mas kan opkom (Van Wyk, 1973b, p. 13). Slegs waar hy stuit op iets wat onverklaarbaar is, praat die mens van wonders en van God. So word God gebruik om die gate te vul waar die mens te kort skiet. Die mens is egter oortuig daarvan dat alle onge vulde gate later gevul sal word en dat die mens dan geheel sonder God sal kan klaarkom (Van Riessen & Firet, 1963, p. 97). So kan God dan afgedank (Van der Walt, 1972, p. 16) of dood verklaar word (Van Riessen & Firet, 1963, p. 97). So moet God dan vervang word deur die mondige en magtige mens op die troon (Botha, 1972, p. 3).

Die kind moet egter geleer word dat God en mens nie konkurrente op gelyke vlak is nie, maar dat Hy hoog verhewe bo die nietige mens is, en tog konkreet in ons midde verskyn. Dit moet vir die kind aangetoon word waar die mens se grense is, en waar hy dit tans oorskry.

4. DIE ONMAG VAN DIE MENS

Uit die vöoraafgaande is dit duidelik dat daar 'n grens aan die mag van die mens is, en is dit ook nodig om kortliks aandag aan die onmag van die mens te gee.

As gevolg van sy beperkte skeppingsopdrag, en die feit dat die mens se verstand deur die sondeval verduister is, moet verwag word dat die mens 'n groot mate van onmag sal ervaar.

Al die aspekte van die onmag van die mens kan nie in hierdie werkstuk behandel word nie. Dit is egter ook nie nodig nie. Hier val die klem nie soseer op die ware onmag van die mens nie, maar eerder op die gevoel van magteloosheid en frustrasie wat die mens vanweë sy onmag ervaar, asook op die besef van beperktheid en nietigheid wat hieruit vloei. Aspekte wat 'n invloed op die milieu van die kind het, moet egter besondere aandag ontvang.

4.1 Die onmag van wetenskap en tegniek

Met die koms van die wetenskap en tegniek het daar 'n gees van verwagting en optimisme geheers. Die mens het geglo dat die wetenskaplikes, met genoegsame kennis, al die probleme van die wêreld sal kan oplos. Daar is gemeen dat die mens gerus ontslae kan raak van bygelowe en godsdiens, en volkome op die nuwe verlosser - wetenskap en tegniek - kan vertrou.

Vandag is die mensdom egter bewus van die tekortkominge van wetenskap en tegniek (Malraux, 1975, p. 54).

- * Die mens het die makro-ruimte betree, maar besef vandag beter as ooit tevore dat hy nooit die grense van die heelal sal kan verken nie. Einstein het aangetoon dat die spoed van lig die hoogste snelheid is waarteen materie kan beweeg. Indien die mens hierdie spoed sou bereik (wat hy nog lank nie kan nie) sal dit nogtans duisende jare neem om na

sterre binne ons konstellasie te reis. Verreweg die meerderheid sterre in die heelal lê egter in ander konstellasies wat oneindig verder verwyder is. Die wetenskaplike, juis deur sy wetenskapsbeoefening besef veel beter as iemand anders hoe beperk die mens se vermoëns op hierdie gebied is. Juis die wetenskap bewys die nietigheid van die mens en die grootheid van God se skepping.

- * Die mens het die mini-ruimte betree en talle geheimenisse met die mikroskoop en elektronmikroskoop ontrafel sodat hy selfs 'n kernbom kan vervaardig. Maar juis sy wetenskapsbeoefening op hierdie terrein laat hom besef hoe min hy werklik weet en kan vermag.
- * Groot mediese prestasies is gelewer en talle siektes hou geen bedreiging meer in nie, maar die mens kan nog nie die gewone verkoue uitskakel nie. Op min terreine besef die mens sy onmag so duidelik as op die mediese gebied. Die mens kan byvoorbeeld op wonderbaarlike wyse lewe vir 'n tydjie aan die gang hou, maar staan verstom by elke geboorte en verslae by elke sterfte.
- * Die mens kan voedselproduksie verhoog deur tegniese metodes, waterbewaring, kunsbemesting en reën maak, maar as daar nie vog en wolke in die lug is nie, staan hy magteloos. Na die droogtes van die afgelope jare is daar tans geen volk wat oor genoegsaam voedsel beskik om die wêreld se verhongertes te voed nie (Reed, 1975, p. 55).

So kan voortgegaan word om aan te toon dat daar talle probleme is wat die wetenskap en die tegniek nie kan oplos nie en ook nooit

sal kan oplos nie. Maar nog meer: Die wetenskap en tegniek skep self nuwe probleme wat in baie gevalle veel groter as die wat hy oplos, is.

- * Die mens het die atoombom gemaak, maar staan verskrik voor die magte wat daardeur ontketen word en vrees die moontlikhede in die gebruik van kernkrag.
- * Mediese prestasies laat meer mense langer leef, maar vergroot die probleem van oorbevolking en versorging van bejaardes.
- * Insek- en plantdoders vergemaklik die bestryding van plae, maar veroorsaak dodelike siektes soos kanker.
- * Die motor voorsien vinnige beweging van plek tot plek, maar het die grootste slagter van menselewens geword.
- * Die wetenskap en tegniek vervaardig die Pil wat in die huidige liberale atmosfeer vryer geslagsverkeer moontlik maak, maar daardeur het geslagsiektes versprei sodat dit vandag as 'n internasionale epidemie beskou word.

Vir die eerste keer gaan daar vandag stemme van wetenskaplikes soos Nobelpryswenner James Watson op om wetenskaplike navorsing op bepaalde gebiede stopgesit te kry vanweë die gevaar wat dit vir die voortbestaan van die mensdom inhou (Fried, 1976, pp. 123-124). In so 'n mate het sake reeds handuit geruk dat daar in wetenskaplike kringe al gewonder word of die mens die twintigste eeu sal oorleef. Vroeër is die wetenskap alleen as 'n hulp in die mens se beskawingsontwikkeling en vooruitgang gesien,

maar vandag word die verwoestende en afbrekende mag daarvan erken (Malraux, 1975, p. 52).

Die onmag van die wetenskap en die tegniek het egter nie net na=dele nie. Dit laat die mens beseef dat die aarde net 'n beperkte hoeveelheid lug, water, grond, minerale, ruimte en ander natuur=like hulpbronne het (Reed, 1975, p. 56). Armstrong sê vanaf die maan oor die aarde: "Although it is very beautiful, it is very remote and small. We have all been struck by the similarity to an oasis, an island. More important, it is the only island we know that is a suitable home for man." (Reed, 1975, p. 56).

Die mens is besig om die natuurlike hulpbronne van die aarde teen 'n toenemende tempo te ontgin en uit te put, terwyl besoede=ling en die versteuring in die balans van die natuur nie ongemerk verbygaan nie. Tydskrifte, koerante, die radio en televisie bied voortdurend artikels en programme hieroor aan en die kind word vandag baie bewus van hierdie probleme gemaak. Dit weer bied 'n besondere aanknopingspunt in die Godsdiensonderrig.

Volgens Armstrong (1975, p. 6) het die menslike kennis vanaf 1960 tot 1970 verdubbel en neem die tempo steeds toe. Saam daarmee het die menslike probleme en moeilikhede ook verdubbel. Toenemende kwaad kom dus skynbaar saam met toenemende kennis. Daar moet egter op gelet word dat dit nie verkeerd is om weten=skap te beoefen nie aangesien dit deel van die skeppingsopdrag van die mens vorm (Heyns, 1969, p. 81). Of dit goed of sleg gebruik gaan word, hang van die mens af. Toenemende kennis ver=oorsaak nie noodwendig kwaad nie, maar dit genees ook nie die bestaande kwaad nie en voorkom ook nie die ontstaan van nuwe

kwaad nie (Armstrong, 1975, p. 6). Die onmag van die wetenskap ten opsigte van die kwaad moet dus erken en aanvaar word.

4.2 Die onmag van meganisasie en organisasie

Die wetenskap, tegniek en meganisasie het die mens in staat gestel om nywerhede, industrieë, mynwyse en landbou op massale skaal te onderneem. Dit het weer aanleiding tot spesialisasie, organisasie en die ontwikkeling van die stad en stedelike komplekse gegee.

Niemand sal dit betwis dat dit alles groot voordele vir sowel individu as gemeenskap inhou nie, maar die nadele en gevare hierin moet ook onder oë gehou word. Hier dien gelet te word op ou probleme wat nie deur hierdie ontwikkeling opgelos is nie, maar ook en veral op nuwe probleme wat deur hierdie ontwikkelinge ontstaan het.

Nieteenstaande meganisasie, kunsbemesting, insekdoders, waterbewaring, reënmaak en grootskaalse landboupraktyke, is die probleem van die voeding van die massas nog nie opgelos nie. Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie is daar tans 500 miljoen ondervoede mense op aarde (S.A.U.K. nuusdiens, 1977). Die toename in die wêreldbevolking veroorsaak dat die verbeterde tegnieke die mens slegs in staat stel om by die verhoogde vraag na voedsel by te bly. Die dreigende probleem is dat die toename in die bevolkingstal vinniger kan wees as die vordering in produksievermeerdering. Relatief, is die voedselprobleem dus besig om groter te word.

Nywerhede, industrieë en mynbou bied werkgeleenthede aan miljoene mense. Dit het egter nie die werkloosheidsprobleem opgelos nie,

want daar is steeds miljoene werkloses.

Ook die probleem van armoede is vandag nog net so groot as voorheen.

Die aanvraag na omtrent alles neem minstens net so vinnig toe as die aanbod of produksie. Produksie word steeds verhoog om in die verhoogde aanvraag te voorsien en die vraag ontstaan of die mens daarin sal kan bly slaag om in die verhoogde vraag te voorsien. Vroeër was daar altyd nuwe gebiede en nuwe bronne om te ontwikkel en te ontgin, maar vandag begin die mens al meer die grense bereik. Kommunikasie-media (wat ook die kind bereik) toon dat die mens maar al te bewus daarvan is dat die aarde se energie-bronne in olie en steenkool asook die minerale bronne beperk is en uitgeput kan raak. Die vraag word reeds gestel of die ontdekking van nuwe bronne nie maar net die onvermydelike ineenstorting uitstel en vererger nie. Mansholdt meen dat indien die gesindheid en optrede van die mens binne die volgende 25 jaar nie radikaal ten opsigte van die bewaring van die balans in die natuur verander nie, 'n katastrofe onvermydelik is (Dietz, 1975, p. 8). Volgens hom ontstaan die probleem vanuit die konflik tussen korttermyn-belange en langtermyn-noodsaaklikhede terwyl daar ook 'n konflik tussen individuele en openbare belange is (Dietz, 1975, p. 8).

Die stad en stedelike komplekse gee aanleiding tot 'n reeks nuwe probleme. Dit bied wonderlike geleenthede en voorregte, maar stel die mens voor uitdagings en gevare wat groot aanpassings vereis.

Stede word vandag ook gekenmerk deur vervallende geboue, rommelbestrooidheid, smaaklose streeksontwikkeling, agterbuurtes,

oorbevolking, vuil riviere en mere, irriterende verkeersknope, groter afstande na werksplekke, toenemende geraas en 'n algemene ignorering van ander lewende wesens wat die gebied met die mens deel (Reed, 1975, p. 56).

Nywerhede bring lugbesoedeling, waterbesoedeling en 'n ongekende verwoesting van die natuur. Groot hoeveelhede nywerheidsafval soos sianied, arseen, swawelsuur en selfs radio-aktiewe stowwe hou 'n bedreiging vir plant, dier en mens in. Strande word besoedel met o.a. olie en riool en selfs die lewe in die see word bedreig.

Nywerhede bring energieprobleme, watertekorte en stygende inflasie, terwyl leningskuld by individu, maatskappy, plaaslike owerheid en regering 'n kenmerkende verskynsel van ons tyd is.

Die belangrikste invloed van meganisasie en organisasie in nywerhede, mynbou en stede is egter die invloed op die gees van die mens. Die enorme opbloei bring 'n duidelike omwenteling in die milieu van volwassene en kind (Botha, 1972, p. 2).

Die ontwikkeling bring die twyfelagtige seëninge van gemaksgenot en selfgenoegsaamheid (Fourie, 1974, p. 131), waar die mens niks meer verlang as hoër lone en korter werksure nie (Fourie, 1974, p. 133).

Een van die duidelikste kenmerke van vandag is die algemene gejaagdheid en meegaande spanning. In plaas daarvan dat meganisasie die werk van die mens minder maak (een masjien doen immers in een uur wat die mens wat dit beheer in 'n week sou doen) wil die mens steeds meer en meer in die kortste tyd moontlik doen.

Meer werk, beter beplanning, groter omset en hoër produksie het 'n vereiste vir sukses in die moderne samelewing geword. Dit vereis kompetisie met ander, wat tot wantroue in hulle, en die verontagsaming van hulle belange en gevoelens lei. Hierdie gejaagdheid en spanning het 'n duidelike invloed op die liggaam en gees van die mens. Talle siektes, waaronder veral hart-siektes word hierdeur veroorsaak of vererger, terwyl psigiaters oorlaai word met pasiënte wat spanningsimptome vertoon.

Volgens Fourie (1974, p. 133) lei massafikasie en meganisasie tot arbeidsplitsing en maak dit van arbeid 'n roetinehandeling. Arbeid word van sy geestelike inhoud ontnem en word 'n meganiese handeling. Dit beroof die mens van sy inisiatief en lei tot een-tonigheid (Van Wyk, 1970, p. 7) en gefrustreerdheid. Arbeids-trots verdwyn en die mens verval in die geestelike slawerny van die masjieneu waar die lewe 'n onsamehangende roetine van eet, slaap en werk sonder betekenis en sin geword het (Fourie, 1974, p. 131). Dit werk vervreemding, vereensaming en onpersoonlike verhoudings in die hand (Botha, 1972, p. 3). Die mens word 'n rat in 'n masjien, 'n naam op 'n kaart en 'n stuk statistiek (Van Wyk, 1970, p. 23). Alles word bepaald en genormeerd en elke handeling word omskryf anders loop die masjien nie (Nel, 1961, p. 30). Die mens kry geen individuele erkenning nie en word een van 'n grou massa waarin hy geen geleentheid tot meesprek en mee-oordeel kry nie (Van Wyk, 1973b, p. 12). Die mens fungeer slegs maar lewe nie, beweer Van Wyk (1973b, p. 12). So dreig dit wat hom waarlik tot mens maak, nl. sy vryheid, sy verantwoordelikheid, sy eie aard en sy verhouding tot sy medemens om in die mens verlore te gaan (Van Wyk, 1970, p. 8).

Die ontwikkeling gaan vandag so vinnig voort dat daar rede bestaan om 'n tekort aan geestelike aanpassing te vrees (Van Wyk, 1970, pp. 6-7). Aanpassingsprobleme lei daartoe dat die mens in die massa verdwyn en eensaam raak te midde van die menigte (De Villiers, 1973, p. 5). Die mens word 'n vreemdeling in sy eie wêreld en dit lei weer tot verdere spanning, vervreemding, eensaamheid, 'n minderwaardigheidsgevoel en 'n algemene onpersoonlike verhouding.

Die mens het die masjien ontwerp om hom te dien, maar stelselmatig begin die mens die masjien dien. Die sogenaamde mondige mens word daardeur meer onmondig gemaak (Heyns, 1969, p. 82).

Al bogenoemde faktore (tesame met nog vele ander) lei daartoe dat die mens al meer van God vervreemd raak. Hy vertrou nie meer op God nie, maar op die masjien wat hy self in stand hou. Solank hy sy plig doen en die masjien aan die loop bly, is hy verseker van sy salaris wat weer in al sy lewensbehoefte kan voorsien. Niks word aan die geluk, die toeval of aan God oorgelaat nie. Die mens is, met die hulp van die masjien, selfversorgend en selfgenoegsaam. In so 'n samelewing is daar nie plek vir God nie.

Al hierdie dinge gaan nie ongemerk by die kind verby nie. Hy word in die stroom meegesleur en word opgevoed in 'n gemeenskap waarvan geen vorige geslag ondervinding het nie. Hy leef in 'n minder beskermde lewe, want moeder moet ook werk en vader kom saans laat en moeg tuis. Onheil sien hy daagliks rondom hom, terwyl drankmisbruik en die gevolge daarvan vir baie nie onbekend is nie. Die kind word verplig om meer selfstandig en selfversorgend te wees. Ook hy moet op homself staatmaak en op

'n veel vroeër ouderdom self beslis en oordeel. Hy word verplig om verantwoordelikhede in 'n harde lewe, waarvoor hy nog nie ryp is nie, te aanvaar. Dit lei veral by die swakkere tot verwildering en ontvlugting in drank, verdowingsmiddels en seks. Hy soek egter na sekerheid, geborgenheid en dissipline en hierin lê 'n baie groot geleentheid vir die skool, kerk en die godsdiens om hom te bereik.

4.3 Die onmag in die bevolkingstoename

Met die skepping kry die mens die opdrag: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde . . . (Gen. 1:28). Na die sondvloed wou die mens 'n toring bou " . . . sodat ons nie oor die hele aarde verstrooi raak nie." (Gen. 11:4). Maar God verwar die spraak, en die mens word oor die hele aarde verstrooi. Vandag bewoon die mens die hele aarde. Elke uithoek van sneeubedekte poolstreke tot ekwatoriale woude en elke kontinent en bewoonbare eiland word deur die mens bewoon. Dit skyn dus of die skeppingsopdrag van Gen. 1 uitgevoer is.

Die getal mense op aarde neem egter steeds teen 'n toenemende tempo toe en is nie alleen die grootste enkele probleem waarmee die mensdom worstel nie, maar vorm ook die grondslag van baie ander probleme.

Dit het vanaf die skepping tot ongeveer 1650 geduur voordat die bevolkingstal tot 500 miljoen kon groei. Van 1650 tot 1850, in ongeveer 200 jaar het die bevolking verdubbel tot 1000 miljoen. Vnaaf 1850 tot 1930, binne 80 jaar, verdubbel die bevolking weer tot 2 000 miljoen, terwyl dit slegs 35 jaar vanaf 1930 tot 1965 neem om nogeens te verdubbel na 4 000 miljoen (Reed, 1975, p. 55).

Teen die huidige tempo van bevolkingsgroei van 2 persent per jaar sal daar na verwagting oor 100 jaar 32 000 miljoen mense wees (Schurter, 1975, p. 15) en neem dit tans slegs 15 jaar om 1 000 miljoen by te voeg (De Villiers, 1973, p. 5). Jaarliks vergroot die wêreldbevolking met 76 miljoen (Reed, 1975, p. 55). Daar word dus met reg van 'n bevolkingsontploffing gepraat.

Die grootste enkele probleem wat uit die bevolkingsontploffing voortvloei is die probleem van die voeding van die massa. Volgens die Voedsel en Landbou Organisasie van die V.V.O. word al die beste landbougrond op aarde reeds benut (Schurter, 1975, p. 15), terwyl dele hiervan geleidelik aan stedelike en industriële ontwikkeling afgestaan word. Die grond wat tans bewerk word, kan 'n veel hoër opbrengs lewer, maar weersgesteldheid bly die grootste enkele beperkende faktor. Droogtes, laat reën, oorstromings, hittegolwe, hael, ryp en koue fronte word as die grootste oorsake van mislukte of swak oeste aanvaar. Die mens probeer om die weerstoestande te beheer, maar wetenskaplikes erken dat die moontlikheid tot meer as geringe lokale beheer uiters skraal is. Die mensdom word dus met die moontlikheid en werklikheid van hongersnood gekonfronteer.

Is die mensdom dan gedoem omdat die wetenskap nie 'n oplossing kan bied nie? Nee. Die mens soek die oplossing op die verkeerde plek. Die mens soek die oplossing vanuit sy eie vermoë terwyl die Bybel 'n duidelike en klinkklare antwoord bied, nl. "As julle in my insettinge wandel en my gebooie hou en dit doen, sal Ek julle reëns gee op die regte tyd, en die land sal sy opbrings gee . . . en julle sal brood volop eet." (Levitikus 26:3-5). In die daaropvolgende verse van Levitikus 26 word genoem wat sal

gebeur, soos dit tans wel gebeur, indien die mens nie volgens sy insettinge wandel nie.

Die probleme veroorsaak deur die bevolkingsontploffing word deur kommunikasiemedia eensydig aan volwassene en kind voorgehou terwyl Godsdiensoonderrig 'n ideale geleentheid bied om dit in perspektief te plaas. Nou, meer as ooit tevore, soek die mens na die antwoord en is die tyd dus ryp om die ware antwoord aan die kind tuis te bring.

4.4 Die onmag in menseverhoudinge

Botsings tussen persone, rasse en volke is kenmerkend van die menslike ras, en is nie 'n uitsluitlik eietydse verskynsel nie. Die wêreldwye voorkoms daarvan, die deurdringing tot alle vlakke en die intense aard daarvan maak dit egter 'n tipiese hedendaagse verskynsel.

Kompetisie is 'n baie belangrike element van die Westerse ekonomiese samelewing. Die een met die beste grondstowwe, produkte, kontakte en verkoopstegniek is die beste daaraan toe. Die een wat die beste indruk in sy afdeling maak kry die bevordering en hoër salaris. So ontstaan 'n persoonlike en onverbiddelike stryd sonder aansiens des persoons en waarin niks gegee of gevra word nie. 'n Stryd waarin alle moontlike middels wat die oorwinning kan verseker, gebruik word. 'n Stryd waarin daar nie plek vir die mededinger of beginsels is nie.

Waar die Christelike beginsels juis 'n lewe van liefde en verdraagsaamheid teenoor die naaste vereis, word dit gesien as in direkte stryd met die noodsaaklike optrede te wees. Waar die

aanloklikheid van geld spreek, moet die eerlikheid en opregtheid wat in die pad daarvan staan, wyk. Oneerlikheid is voordeliger as eerlikheid. Leuens is soms verkieslik bo die waarheid. Juis sondagwerk lewer 'n hoër inkomste. So word die Christelike beginsels verdring deur die pragmatistiese "vereistes" van die lewe. Die een wat nog gevoelig is, sus sy gewete met uitdruk= kings soos "'n wit leuentjie", "die doel heilig die middel", ens. In die kerk word teen die dinge wat hy doen en hom tog nog hinder, gepreek. Daarom bly hy liewer van die pyniging af weg.

So word liefde as die grondslag van die samelewing met afguns en haat vervang. "Gee" word vervang deur "ontvang", selfs in die diepste menseverhoudings soos op die seksuele gebied.

Nie beginsels nie, maar wette bied aan die mens sy grense, en elke moontlikheid om hierdie geriefliker tipe grens te oorskry, word gesoek en uitgebuit. Glo word vervang deur bewys en alleen vrees vir aardse straf weerhou hom nog van sekere kwaad. Tog word sy kind kerk toe en kategeese toe gestuur!

Arbeidsonrus is 'n kenmerkende eietydse verskynsel. Werkers is ontevrede met werkstoestande, werksure en lone. Vakbonde, vak= unies, arbeidsorganisasies en die konfederasie van arbeid word en is magtige instrumente in die bedinging van beter voordele vir die werknemers. As 'n werkgever na 'n werknemer skeef kyk, word hy met die vakunie gedreig. Werkgewers sien nie meer om na die belange van hul werknemers nie, want die vakunies het hierdie taak oorgeneem en die werkgever gee net dit wat deur die vakunies van hom geëis word. Die werkgever-werknemer-verhouding word vertroebel en goeie gesindhede word vernietig. Voorregte en morele verpligtinge word met vereistes, regulasies, bepalinge

en voorskrifte vervang. Verhoudings op die arbeidsvlak word dus al meer onpersoonlik, formeel en pragmatisties.

Internasionale wanverhoudings het nog altyd bestaan, maar het eers gedurende hierdie eeu 'n wêreldwye omvang bereik. Nooit in die verlede was die wêreld so oortrek met konflikgebiede soos vandag nie. Alles word in die stryd gebruik. Internasionale handel is byvoorbeeld nie meer net 'n metode om iets te bekom wat die land nie het nie, maar skaars grondstowwe en landbouprodukte word as hefboom gebruik om meer te verkry as net die geldwaarde daarvan. Koring en olie word vandag as wettige afpersmiddels op politieke gebied gebruik.

Menseverhoudings word vandag grootliks bepaal deur die vraag na hoe baie jy uit ander kan kry in ruil vir hoe min jy gee. Hierteenoor leer die Skrif presies die teenoorgestelde: werp jou brood uit op die water . . . laat die linkerhand nie weet wat die regterhand doen nie . . . gee is beter as om te ontvang.

Waar die hedendaagse kind so duidelik die lelike gevolge van die ontvang-mentaliteit sien, bied Godsdiensoonderrig die ideale geleentheid om die noodsaaklikheid van die ware Christelike lewe aan te toon. Die groot gebod van naasteliefde, gegrond in liefde tot God was nog nooit meer relevant as vandag nie.

'n Belangrike kenmerk van die huidige samelewing is die ondermyning van gesag, en die verdwyning van die gesagsfiguur op alle terreine (Van Wyk, 1973b, p. 12). Huweliksgesag, owerlike gesag, sosiale gesag, owerheidsgesag, kerklike gesag en die gesag van die Skrif word dan ook wêreldwyd bevraagteken en ondermyn.

Met groot akklamasie word daar vandag deur verskeie organisasies "geveg" vir die vryheid en gelyke regte van die vrou op alle gebiede; ook binne die huwelik. Die Goddelike verordening dat die man die hoof van die huis is, word dikwels misken. Die huweliksformulier leer dat die vrou die man gehoorsaam moet wees in alles wat reg en billik is (Potgieter, 1973, p. 17). In huise van vorige geslagte was dit, volgens Potgieter (1973, p.17) so en het dit goed gegaan, maar vandag is dit in talle huise nie meer so nie. Vandag tree die moeder sterk op die voorgrond as die persoon wat leiding gee en gesag uitoefen. Volgens Nel (1961, is dit meer so by die hoër lae van die samelewing. Dat hierdie verandering in die gesagstruktuur tuis 'n invloed op die kind, veral in sy latere lewe sal hê, is vanselfsprekend.

'n Duidelike kenmerk van vandag is die algemene agteruitgang en verval van ouerlike gesag. Enersyds oefen die ouer sy gesag vanweë onkunde, onverskilligheid of omstandighede geheel of gedeeltelik buite sy beheer nie ten volle uit nie. Andersyds wil die kind, in die gees van die tyd, geen gesag as vanselfsprekend aanvaar nie. Dit veroorsaak 'n grootskaalse ontwrigting van die jeug.

Teenoor die huidige ontwikkeling staan die vyfde gebod. Die kind moet sy vader en moeder gehoorsaam (Fourie, 1974, p. 146). Dit is die taak van die ouer om deur wysheid en tug die kind wat in sonde ontvang en gebore is, te lei sodat hy vir elke goeie werk volkome toegerus sal wees. Elke kind het ook 'n behoefte aan gesag en leiding, en waar dit tuis verdwyn, soek hy dit volgens Schelsky, buite die gesin (Nel, 1961, p. 36).

Dissipline, dikwels misverstaan en wangebruik, is die sleutel tot die suksesvolle opvoeding van die kind (Vinson, 1974, p.9). Volgens Vinson (1974, p. 9) floreer die kind die beste in 'n atmosfeer van liefde, onderskraag deur redelike en konstante dissipline. Dissipline lê die grense vir die kind vas en wanneer die grense eers vasgelê is, is daar volkome vryheid vir die indiwidu om te groei en te ontwikkel.

Die gesag van die ouer oor sy kind is gefundeer in die Skrif, en wanneer hierdie fondament verbrokkel, moet daar noodwendig 'n verswakking in die opvoeding van die kind intree. Godsdiensoonderrig bied die geleentheid om hierdie fondament te versterk sodat die kind deur skrifgefundeerde gesag en dissipline geleë kan word tot vryheid en verantwoordelikheid.

Ook op die sosiale en maatskaplike terrein is die strewe na bandelose vryheid oral te sien. Oral word gesag bevraagteken en word ou beginsels en gebruike omvergewerp.

Owerheidsgesag verseker 'n vreedsame en ordelike naasbestaan binne die staatsgrense. Vandag word wêreldwyd alles in werking gestel om owerheidsgesag te trotseer, te dwarsboom en te ondermyn. Veral die geregsdienaar is die skyf van die aanslag (Potgieter, 1973, p. 7). Betogings, ontvoerings, kapings van vliegtuie en treine, sluipmoorde en terrorisme kom oral voor.

Dat owerheidsgesag 'n instelling van God is, spreek duidelik uit die Skrif. "Laat elke mens hom onderwerp aan die gesag wat oor hom gestel is . . ." (Rom. 13:1) en ". . . die owerheid is geen onderwerp van vrees by die goeie dae nie, maar by die slegte." (Rom. 13:3). Godsdiensoonderrig bied 'n ideale geleentheid om

aan die kind die grond van staatsgesag aan te dui en om hom tot die aanvaarding daarvan en onderwerping daaraan te lei.

Kerklike gesag, gegrond in die Bybel, word vandag steeds moeiliker om te handhaaf. Waar die kerk vroeër die enigste instansie was wat kon doop (naam gee), huwelike bevestig en begrafnisse onderneem, het hy 'n sterk houvas op sy lidmate gehad en was kerklike tug gevrees. Die kerk kon dus maklik sy gesag handhaaf. Vandag is bogenoemde funksies deur die staat oorgeneem en is die kerk nie meer noodsaaklik nie. Die kerk het sy greep verloor. Die mens meen dat hy goed sonder die kerk kan klaarkom en staan traak-my-nie-agtig teenoor kerklike gesag en tug. Word hy onder kerklike tug geplaas, "dreig" hy om "die kerk te bedank". Dit is dus noodsaaklik dat die grond van kerklike gesag en tug duidelik aan die kind geleer sal word.

Opstand teen die gesag van die Bybel is niks nuuts nie. Wat wel nuut is, is dat die gesag van die Bybel binne die teologie self bevraagteken word. Hier het die "God is dood"-teologie ontstaan. Die God wat volgens hulle dood is, is die ewige, oneindige, transendente en almagtige Skepper. Volgens hulle het die Woord nie gesag nie, omdat dit nie die onfeilbare woord van God is nie en is dit ook nie meer normatief ten opsigte van die hedendaagse mens nie. Die gesag van die Bybel word verder afgetakel omdat sommige vertalers nie meer betroubaar is nie (Potgieter, 1973, pp. 15-17).

Die kind sien die verval in gesag raak en dit bied die ideale geleentheid om aan hom te toon dat die mens alleen gesagsdraer in die naam van God, as sy beelddraer en onder sy wil is. Hy moet sien dat wanneer die mens ontrou aan sy eie aard as

beelddraer van God is, hy bandeloos word en alle vryheid en gesag metterdaad inboet (Potgieter, 1973, p. 10). Van Riessen wys die feit van die verval in die gesag daaraan dat die moderne mens nie besef aan Wie hy verantwoording verskuldig is nie (Botha, 1972, p. 15).